
**KENNISGEWING VAN DIE AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 102 VAN DIE WET OP MINERALE EN PETROLEUMHULPBRONNE, WET 28 VAN 2002, VIR DIE WYSIGING VAN DIE GEPAARDGAANDE OMGEWINGSMAGTIGINGS OM DIE OMGEWINGSBESTUURPROGRAM OP TE DATEER EN OM 'N GELYSTE AKTIWITEIT IN TE SLUIT INGEVOLGE DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR, WET 107 VAN 1998 (NWOB OF "NEMA"): IN LYN MET DIE REGULASIES OP OMGEWINGSIMPAKBEPALING, 2017 (SOOS GEWYSIG) EN DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR: GEÏNTEGREERDE KUSBESTUUR, WET 24 VAN 2008.**

**DMH Verwysing: NC-00211-MR/S102 (verwysing van bestaande reg NC 088 – MR)**
**Aansoeker: Moonstone Diamond Marketing (Edms) Bpk**

Hierdie kennisgewing aan alle belangstellende en geaffekteerde partye word gepubliseer ingevolge die Wet op Minerale en Petroleumhulpbronne, Wet 28 van 2002, die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998, soos gewysig, die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval, Wet 59 van 2008, en die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, Wet 24 van 2008, dat 'n proses vir 'n geïntegreerde Omvangsbepaling- en Omgewingsimpakverslag (OB & OIV) uitgevoer sal word vir die opgradering van die goedgekeurde Omgewingsbestuurprogram vir Moonstone Diamond Marketing (Edms) Bpk vir die bestaande mynaktiwiteite van Diamant, Diamant (Algemeen), Diamant (Spoel), Diamant (in Kimberliet) en die insluiting daarby van Spoelklip vir die mynregte op die Oorblywende deel van Hondeklipbaai en Seewaarts tot 31.4 km onder die laagwatermerk in die Administratiewe Distrik van Namakwaland, Provinsie Noord-Kaap, Suid-Afrika.







__Beskikbaarheid van die geïntegreerde omvangsbepalingsverslag:__
Die geïntegreerde omvangsbepalingskonsepverslag sal vir ten minste 30 dae vanaf 17 September tot 18 Oktober 2021 vir besigtiging beskikbaar wees. Verslae sal per e-pos aan geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur word en harde kopieë sal op versoek beskikbaar wees by die volgende plekke: **Kleinsee Toerismesentrum, Komaggas Kantoor van die Nama Khoi Munisipaliteit, Hondeklipbaai Gemeenskapsaal en West Coast Resources se Koingnaas Kantore.**

Om deel te neem aan die proses en/of om kommentaar te lewer en/of om te registreer as Belangstellende en Geaffekteerde Party (B & GP) met betrekking tot die voorgestelde aktiwiteite soos hierbo uiteengesit, word u genooi om ons daaroor te kontak en deur die verwysingsnommer te noem, binne 30 dae vanaf hierdie kennisgewing met eindiging op 18 Oktober 2021 op die volgende maniere:
**moses@archeanresources.com of roman@archeanresources.com en kopieer archeanresources@outlook.com in.**
**Of andersins per Tel: (+27) 67 103 2562 of (+27) 82 9701513. Of per Faks: (+27) 86 695 5990**